"UIT GEMEENTES, VIR GEMEENTES NA DIE GEMEENSKAP TOT EER VAN GOD"

PBO / OWO REG NO 930006906

INSAKE: BEGROTING 2026 TOT 2027 EN SPANDERING VAN ELKE RAND

Leraars, voorsitters van kerkrade en lidmate in die NG Kerk Sinode Hoëveld,

Die vier en twintigste sitting van die NG Kerk Sinode Hoëveld vind van 25 tot 28 Oktober 2026 plaas. Daartydens wil ons terugkyk op die manier waarop die gemeentes, ringe en sinode die afgelope vier jaar as kerk in diens van God en sy koninkryk gestaan het. Ons wil saam kyk, luister en getuig. Ons wil ook saam besin oor ons roeping en die pad vorentoe –.

Tydens die Sinodesitting sal ons onder andere moet besin oor die kwessie van gemeentes se finansiële situasie. Dit is 'n saak wat gereeld by die Sinodale Dienskommissie en die Sinodale Kommissie vir Fondse bespreek word. Ons is dankbaar dat ons oor die Hulpfonds beskik wat die Sinode geskep het. Dit word dikwels gebruik om gemeentes te ondersteun wat in moeilike finansiële situasies verkeer of wat nuwe bedienings wil of moet skep. Ons herinner gemeentes om vir hulp aansoek te doen.

Die Sinodale Kommissie vir Fondse (SKF) het 'n begroting vir 2026-2027 voorberei en getoets aan die strategiese doelwitte van die Sinode. Die Sinodale Dienskommissie (SDK) het die begroting goedgekeur. Die bedryfsbegroting maak voorsiening vir

- **Totale inkomste van R8,818,984. Dit is 5% styging.**
- **Totale uitgawe van R9,451,234. Dit is 5% styging.**
- Hoewel die Sinode nie vir 'n tekort wil begroot nie, word beplan om met 'n konserwatiewe benadering uitgawes te beperk.
- Uit die uitsetting wat hieronder verskaf word, sal dit duidelik word dat die Sinode ook staatmaak daarop om inkomste te verkry uit die opbrengs op beleggings.
- Benewens sinodale bedryfskoste is die grootste uitgawe vir die Sinode die mediese subsidie vir emeriti en pensioenarisse.

Soos in die verlede is daar 'n bylaag waarin uiteengesit word hoe die sinodale begroting saamgestel is. Aan die einde daarvan word aangedui hoe elke rand wat die Sinode ontvang, onder die verskillende uitgawes versprei word.

Indien die kerkraad meer inligting benodig, kan ons gerus gekontak word.

Dr. Pieter Kruger
Portefeuljeleier Sinodale Hulpbronne

Oudl. Thoben Koorts
Voorsitter Sinodale Kommissie vir Fondse

Julie 2026

Gladiatorstraat 56, Rhodesfield, Kemptonpark, 1619 / 56 Gladiator Street, Rhodesfield, Kempton Park,1619
Posbus 10444, Aston Manor, 1630 / P O Box 10444, Aston Manor, 1630
Tel: 011 394 0891
Faks / Fax: 011 975 4889 / 086 763 7955
E-pos / E-mail: Bestuurder@ngkhoeveld.co.za
Web: www.ngkhoeveld.co.za

BEGROTING 1 Maart 2026 tot 28 Februarie 2027

1 INKOMSTE

Die tabel en die sirkelgrafiek hieronder dui die begrote inkomste vir 2026-2027 aan.

Die Sinode begroot dat die **sinodale inkomste in 2026-2027 ongeveer met 5% sal toeneem**. Hoewel daar verwag word dat inkomste uit gemeentes se sinodale bydraes sal toeneem, sal die grootste styging waarskynlik in die beleggingsinkomste wees.

Saak	Bedrag	Persentasie
Sinodale Bydraes	7,068,000	80.15%
Hulpfonds bydraes	140,600	1.59%
Administrasiefooi	19,200	0.22%
Beleggingsinkomste	1,307,840	14.83%
Huur & gebruiksfooi	283,344	3.21%
Totale Inkomste	**8,818,984**	**100.00%**



2 BEGROTE UITGAWES 1 MAART 2026 TOT 28 FEBRUARIE 2027

Die volgende tabel en die sirkelgrafiek dui die Sinode se verwagte uitgawes vir 2026 tot 2027 aan. Hierdie uitgawes word hieronder verder verduidelik en beskryf.

Saak	Bedrag	Persentasie
Sinodale bedryfskoste	3,403,370	36.01%
Gesamentlike werksaamhede	1,863,243	19.71%
Mediese uitgawes – emeriti, pensioenarisse	1,801,997	19.07%
Portefeuljes – SDK	944,624	9.99%
Toekennings	1,438,000	15.21%
Totale Uitgawes	**9,451,234**	**100.00%**



2.1 Sinodale bedryfskoste

In die tabel sluit Administrasie en kantoor die koste vir munisipale dienste, rekenaardienste, sekuriteit en versekering in. **Sinodale bedryfskoste is 10% hoër** as in 2025-2026.

Saak	Bedrag	Persentasie
Administrasie en kantoor	913,750	9.67%
Finansies	632,202	6.69%
Instandhouding	145,000	1.53%
Kommissie	14,000	0.15%
Personeel	1,698,418	17.97%
	3,403,370	**36.01%**

2.2 Gesamentlike werksaamhede

Saak	Bedrag	Persentasie
Algemene Sinode	334,850	3.54%
Argiefkoste	490,212	5.19%
Teologiese opleiding	1,038,181	10.98%
	1,863,243	**19.71%**

- Die Sinode se bydrae aan die Algemene Sinode word bereken teen 0.20% van die totale inkomstes van die gemeentes in Sinode Hoëveld. Hoewel daar toegewings gemaak word, het die Sinode se bydrae aan die Algemene Sinode toegeneem.
- Die Argief bepaal jaarliks die Argiefrekening volgens die rakspasie wat die materiaal afkomstig uit gemeentes en ringe in die Sinode Hoëveld in die Argief beslaan. Die Sinode Hoëveld betaal die rekening namens die gemeentes en die ringe. Die Argiefrekening wat ontvang is, het met byna 14% gestyg. Die rakspasie wat gebruik word, het toegeneem en die tarief het gevolglik verhoog.
- Sinode Hoëveld neem saam met die Noordelike, Oostelike en Goudland Sinode verantwoordelikheid vir ‘n verpligting vir Teologiese Opleiding deur die Kuratorium van die NG Kerk by die Universiteit van Pretoria. Die bydrae het met 3.5% gestyg.

2.3 Mediese subsidie – Emeriti en Pensioenarisse

Volgens 'n sinodebesluit wat in die laat 1990's geneem is, betaal die Sinode 'n subsidie vir die mediese fondsbydraes vir emeriti en pensioenarisse wat in diens van gemeentes en die Sinode was. Hoewel die Sinodale Kommissie vir Fondse goedgekeur het dat die subsidiebedrag in 2026-2027 verhoog, het die totale verpligting

verminder. Dit is weens die jaarlikse vermindering van die getal emeriti en pensioenarisse. Die verpligting wat voorsien word, word jaarliks aktuarieel bereken. Dit is minder as 20% van die totale uitgawes.

2.4 Leierskap en Portefeuljes

Die SKF het R488,374 begroot vir die leierskap en die Regskommissie vir 2026-2027.

Die begroting vir die portefeuljes vir 2026-2027 is minder as die vorige jaar. Die begrote bedrae is soos volg:

Portefeulje	Bedrag	Persentasie
Hulpbronne	39,250	0.4%
Lidmaat- en leierstoerusting	10,000	0.1%
Gemeentebegeleiding	20,000	0.2%
Jeug en gesinne	57,000	0.6%
Predikanteversorging	134,000	1.4%
Kerkverband en ekumene	41,000	0.4%
Diensgetuienis en Gemeenskapsbetrokkenheid	155,000	1.6%
	456,250	**4.83%**

2.5 Toekennings

Die Sinode het verskeie jare gelede besluit om toekennings aan bepaalde instansies te maak wat inpas by die Sinode se strategie. So byvoorbeeld word toekennings gemaak wat by die portefeuljes kan inpas. Die bydraes wat aan MES en Tutela gemaak word, kan deel vorm van die uitgawes vir Diensgetuienis.

Toekenning	Bedrag	Persentasie
Dowes – Effata	450,000	4.76%
Studentebediening - Melville	380,000	4.02%
MES	150,000	1.58%
Bydrae predikant - JHB middestad	60,000	0.63%
Transoranje Instituut	20,000	3.99%
Diensgetuienis – Tutela werksaamhede	378,000	0.21%
Totaal	**1,438,000**	**15,21%**

3 Spandering van elke R100

Die tabel hieronder dui aan hoe elke rand (100 sent) wat die Sinode as sinodale bydrae ontvang spandeer sal word.

Saak	Bedrag	Persentasie	Sent
Sinodale bedryfskoste – Finansies	632,202	6.69%	6,69
Sinodale bedryfskoste – Instandhouding	145,000	1.53%	1,53
Sinodale bedryfskoste – Administrasie	913,750	9.67%	9,67
Sinodale bedryfskoste – Kommissie	14,000	0.15%	0,15
Sinodale bedryfskoste – Personeel	1,698,418	17.97%	17,97
Kerkverband – Algemene Sinode	334,850	3.54%	3,54
Kerkverband – Argiefkoste	490,212	5.19%	5,19
Kerkverband – Teologiese opleiding	1,038,181	10.98%	10,98
Subsidie Medies – Emeriti, Pensionarisse	1,801,997	19.07%	19,07
Verkose leierskap	488,374	5.17%	5,17
Strategiese Fokusareas	456,250	4.83%	4,83
Toekenning – Dowes – Effata	450,000	4.76%	4,76
Toekenning – Studentebediening - Melville	380,000	4.02%	4,02
Toekenning – MES	150,000	1.58%	1,58
Toekenning – JHB middestad	60,000	0.63%	0,63
Toekenning – Transoranje Instituut	20,000	0.21%	0,21
Diensgetuienis – Tutela werksaamhede	378,000	3.99%	3,99
Totale Uitgawes	**9,451,234**	**100%**	**100**